



DEPARTMENT OF EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION - 2005

ACCOUNTING

HIGHER GRADE

FEBRUARY/MARCH 2005

401-1/0

Marks: 400

3 Hours

This question paper consists of 20 pages.

ACCOUNTING HG
Question Paper & Answer Book



X05



Copyright reserved

THIS SHEET TO BE LEFT BLANK

INSTRUCTIONS

1. Answer ALL the questions.
2. A special ANSWER BOOK is provided in which to answer ALL the questions.
3. Show ALL workings for part-marks to be allocated.
4. Read the instructions carefully and follow them precisely.
5. Candidates will forfeit marks for:
 - Important dates which are omitted
 - Use of non-standardised abbreviations
 - Over-writing on figures
 - Superfluous entries/foreign items/errors of principle
6. Non-programmable calculators may be used.
7. No pages may be removed from the answer book. The answer book caters for alternative formats of financial statements.
8. Use the information given in the table below as a guide when answering the question paper and try not to deviate from it.

QUESTION	TOPIC	MARKS	TIME GUIDE
1	Periodic inventory system	40	18 minutes
2	Bank reconciliation	43	19 minutes
3	Close corporation	86	39 minutes
4	Companies	70	32 minutes
5	Sports club	79	36 minutes
6	Partnership	47	20 minutes
7	Cash budget	35	16 minutes
TOTAL		400	180 minutes

QUESTION 1**PERIODIC INVENTORY SYSTEM****(40 marks; 18 minutes)**

BB Outfitters is a retail business, which is owned by B. Ben. She uses the periodic inventory method and prices her articles at a mark-up of 80% on cost.

REQUIRED:

- 1.1 Prepare the following accounts in the General Ledger of BB Outfitters. Balance/Close off the accounts on 29 February 2004. Where necessary, show workings in brackets so that part-marks can be awarded.
- 1.1.1 Purchases Account (9)
- 1.1.2 Trading Account (19)
- 1.2 Calculate the cost of sales. (3)
- 1.3 Calculate the percentage mark-up achieved on cost (calculate to one decimal point). (4)
- 1.4 B. Ben is concerned that her sales do not match those of her competitor, DD Clothing. B. Ben has managed to find out that the following figures appeared in the financial statements of DD Clothing for 2004:
- | | |
|---------------|----------|
| Sales | R420 000 |
| Cost of sales | 320 000 |
- In your opinion, should B. Ben be concerned about her business in comparison to that of DD Clothing? Briefly explain. (5)

INFORMATION:

The information that follows was extracted from the accounting records of BB Outfitters on 29 February 2004:

Information extracted from the accounting records on 29 February 2004	
	R
Trading Stock (1 March 2003)	66 000
Sales	348 000
Purchases	199 200
Carriage on purchases	13 200
Carriage on sales	9 600
Debtors allowances	20 200
Other operating expenses	99 600

NO ENTRIES HAVE BEEN MADE FOR THE FOLLOWING TRANSACTIONS:

1. Goods returned to creditors, R10 200, at the end of the accounting period were not recorded in the books. These goods had also not been included in the stock count.
2. Before the stocktaking took place B. Ben took merchandise, for her personal use, on 25 February 2004, at cost price, R800. The selling price was R1 440.
3. An invoice for stock purchased on credit on 26 February 2004 from Tshwani Wholesalers, was not recorded. The invoice reflected the cost price of R2 520 and the delivery charge of R200.
4. The physical stock count on 29 February 2004 revealed that trading stock costing R73 200 was on hand.
5. A debtor returned goods on 29 February 2004, with a selling price of R4 500, which he said he did not order. These goods were placed back into stock after the stocktaking took place. No trade discount was granted on the original sale.

QUESTION 2**BANK RECONCILIATION****(43 marks; 19 minutes)**

The following information was extracted from the accounting records of Kimberley Traders on 31 August 2004:

REQUIRED:

- 2.1 Complete the Cash Receipts Journal and Cash Payments Journal for August 2004 (bank and sundry accounts columns only). (20)
- 2.2 Draw up the Bank Account for August 2004, properly balanced. (7)
- 2.3 Prepare the Bank Reconciliation Statement on 31 August 2004. (16)

INFORMATION:

1. Bank Reconciliation Statement on 31 July 2004

Favourable balance as per bank statement			R8 910
Deposit not yet credited by bank			4 240
Outstanding cheques:			
	Dated	Number	
	30 June 2004	201	1 900
	31 July 2004	214	2 700
	10 September 2004	219	5 550
Favourable balance as per Bank Account			3 000

2. The following totals appeared in the Cash Journals prior to receiving the August bank statement: CRJ: R54 320; CPJ: R61 290
3. A comparison of the August bank statement received from Grey Bank with both the Bank Reconciliation Statement of July 2004 and the Cash Journals for August 2004 revealed the following differences:
- Entries on the August bank statement which did not appear in the August cash journals:
 - Cheque No. 214 for R2 700.
 - Deposit of R4 240 recorded on 1 August.
 - A deposit of R290 made on 25 August 2004 by a debtor, C. Krige, in part settlement of his account.
 - Unpaid cheque for R1 370 marked R/D with the comments 'insufficient funds'. This cheque was received from our tenant, E. Gareth.
 - A debit order of R230 in favour of AA Insurance Company to pay the personal insurance of the owner.
 - A credit of R100 made by Grey Bank being monthly interest on the fixed deposit.

- The following charges made by Grey Bank:

Government levy on debit entries R15
Interest on bank overdraft R140
Cash handling fees R30
Service fees R145

- Entries in the August Cash Journals which did not appear in the August bank statement:

- A deposit of R10 760 made on 31 August 2004.
- The following cheques which were issued:

No. 341 (dated 14 September 2004) for R5 120
No. 349 (dated 29 August 2004) for R890

4. Additional information

- An investigation revealed that cheque No. 306 for R5 930 issued in favour of creditor, P. Paulse, in part payment of account was incorrectly recorded as R5 390 in the CPJ.
- Cheque No. 201 for R1 900 was issued to Operation Hunger as a donation. The cheque was lost in the post. Cheque No. 201 was therefore cancelled but no entry was made. On 31 August 2004 a new cheque No. 353, for R2 500 was issued in favour of Operation Hunger as a donation. This has not been recorded in the books yet. This cheque was delivered to Operation Hunger but it has not been deposited by them yet.
- The bank statement received from Grey Bank reflected a bank overdraft of R3 350 on 31 August 2004.

QUESTION 3**CLOSE CORPORATION****(86 marks; 39 minutes)**

You are the accounting officer of IT4U Consultants. They trade as a close corporation selling computer equipment and rendering computer services for which they charge service fees. Two members, S. Modi and J. Gani, own the business.

NOTE: The business uses the continuous inventory system and stock is marked up by 100% on cost price.

REQUIRED:

- 3.1 Complete the Income Statement for the year ended 31 August 2004 using the information supplied. (59)
- 3.2 Prepare the following notes as they would appear in the Financial Statements of IT4U on 31 August 2004:
- 3.2.1 Retained income (Accumulated profits) (6)
- 3.2.2 Trade and other payables (21)

Pre-Adjustment Trial Balance at 31 August 2004		
Balance Sheet Accounts Section	Debit	Credit
Members' contributions		354 605
Retained income		23 004
Mortgage bond: First Bank		61 000
Land and buildings	397 700	
Delivery vehicles	162 500	
Equipment	52 000	
Accumulated depreciation on delivery vehicles		28 100
Accumulated depreciation on equipment		47 200
Loan to member S. Modi	12 000	
Trading stock	32 780	
Debtors control	25 740	
Bank	17 970	
Petty cash	100	
Creditors for salaries		2 120
SA Revenue Service: P.A.Y.E.		5 000
Unemployment Insurance Fund		800
Provision for bad debts		2 700
Creditors control		5 400
SA Revenue Service: Income tax	77 500	
Nominal Accounts Section		
Sales		171 000
Current fee income (including installation fees)		339 000
Cost of sales	85 500	
Rent of vehicle: S. Modi	28 600	
Packing material	2 380	
Stationery	3 840	
Wages and salaries (including UIF contributions R1 386)	140 000	
Advertising	5 840	
Interest on loan: S. Modi		1 200
Interest on mortgage bond: First Bank	9 440	
Bad debts	320	
Rent income: J. Gani		9 450
Bank charges	869	
Distribution to members	20 000	
Rent income: Yebo Florists		24 500
	R1 075 079	R1 075 079

ADJUSTMENTS AND ADDITIONAL INFORMATION:

1. No entry was made for a debit note received from a customer on 28 August 2004 before the stock taking took place:

- A computer was returned, selling price R5 000
- Installation fees charged, R500

A credit note was issued for R5 500 in favour of the customer. No trade discount was granted on this sale. The computer was placed back into stock.

2. The following items were in stock at the end of the accounting period:

- Trading stock, R31 500
- Packing material, R250

3. Advertising includes an amount of R2 280 for an advertising campaign for the period 1 May to 31 October 2004.

4. S. Modi rents a vehicle to the business. He has not been paid for August 2004 yet. On 30 August he took stationery costing R600. No entry has been made and this amount must be offset against the amount owed to him. The rest of his August rental due will be paid on 3 September 2004.

5. Yebo Florist rents premises from the business. The owner went overseas. He settled the rent for September and October 2004 during August 2004.

6. An employee left the business on the 31 July 2004 but the accounting officer was not informed. Information recorded in the Salaries Journal for August in respect of this employee was:

- Gross salary R3 000 per month
- P.A.Y.E. R850
- Unemployment Insurance Fund deduction 1% of the gross salary – the business contributes an equal amount to UIF

This salary has been entered in the Salaries Journal for August but the cheque to pay the employee has not been issued.

7. The bank statement was received after the pre-adjustment trial balance had been prepared. Service fees, R46; cash handling fees, R14 and credit card levy R20, were debited against the corporation's account.

8. The post-dated cheque register reflected a cheque for R4 000, dated 15 September 2004, had been issued to a creditor. This cheque was entered in the August Cash Payments Journal.
9. Depreciation on vehicles must be calculated at 20% p.a. on the diminishing balance method. Depreciation on equipment must be calculated at 10% p.a. on the cost price.
- Take into account that a delivery van was purchased on 31 December 2003 for R60 000 and recorded in the books.
 - Also take into account that all the equipment was bought almost 10 years ago.
10. Income tax for the accounting period under review amount to R79 600.
11. The members have decided to make a further distribution from profits of R72 000 – 30% to S. Modi and 70% to J. Gani.

QUESTION 4

COMPANIES

(70 marks; 32 minutes)

You are provided with an incomplete Cash Flow Statement of SS Limited for the year ended 30 June 2004, together with additional information. SS Limited has an authorised share capital of 200 000 ordinary shares at R5 each. The market price of the shares is currently 605c. New shares were issued at a premium on 1 January 2004.

REQUIRED:

Study the information provided and answer the questions which follow.

INFORMATION:

1. The following figures appeared in the Income Statement for June 2004:

Depreciation	R 37 200
Income tax	R 44 266
Net income after tax	R115 184

2. Dividends declared on ordinary shares:

- Interim	R33 880	(Paid on 31 December 2003)
- Final	?	(Payable on 15 August 2004)

3. The following information appeared in the Balance Sheet:

Extract: BALANCE SHEET	30 June 2004	30 June 2003
Ordinary share capital	550 000	484 000
Ordinary share premium	46 400	20 000
Retained income	80 400	87 096
Share capital and reserves	676 800	591 096
Non-current liabilities: Loan Natal Bank (interest rate 12% p.a.)	144 000	0
Fixed assets at carrying value	720 000	660 000
S.A. Revenue service: Income tax	10 800 Dr	4 800 Cr
Shareholders for dividends	88 000	40 656
Cash and cash equivalents	600	600
Bank overdraft (Interest rate 19% p.a.)	29 600 Cr	246 648 Cr

4. For the purposes of the Cash Flow Statement, the cash effects of changes in working capital were calculated to be R15 600 (favourable).
5. The loan from Natal Bank was taken out on 1 April 2004. Interest on overdraft for the year was R3 540. All interest payments are up to date.
6. Certain assets were sold at carrying value, R2 400.
7. Incomplete Cash Flow Statement for the year ended 30 June 2004:

Cash flows from operating activities	?
Cash generated from operations	A
Interest paid	B
Dividends paid	C
Income tax paid	D
Cash flows from investing activities	?
Fixed assets purchased	E
?	F
Cash flows from financing activities	?
Proceeds of issue of share capital	G
?	H
Net change in cash and cash equivalents	I
Cash and cash equivalents: beginning of year	(246 048)
Cash and cash equivalents: end of year	J

ANSWER THE FOLLOWING QUESTIONS:

4.1 Prepare the note for 'Reconciliation between net profit before taxation and cash generated from operations' as it would appear in the notes to the Cash Flow Statement of SS Limited. (12)

4.2 Provide the missing figures in the Cash Flow Statement labelled (A) to (J). Workings to be shown in brackets to earn part-marks. (25)

4.3 Consider the following financial indicators calculated for SS Ltd:

	30 June 2004	30 June 2003
Operating profit as % of sales	24%	29%
Net profit as % of sales	22%	22%
Net asset value per share	615c	611c
Return on shareholders' equity	17,1%	21%
Return on capital employed	17,4%	18,2%
Earnings per share	105c	130c
Dividend per share	115c	42c

4.3.1 The directors are pleased that the percentage net profit on sales for the year has been maintained. They feel this is because they have maintained the level of operating efficiency. Do you share their opinion? Briefly comment. (5)

4.3.2 As a shareholder, would you be satisfied with the percentage return on shareholders' equity, dividends and earnings per share? Comment briefly. (12)

4.4 Debt/Equity ratio:

4.4.1 Calculate the debt/equity ratio for 2004. (4)

4.4.2 Briefly comment on this ratio. Will the business be able to borrow funds easily in the future if necessary? (6)

4.5 Should the shareholders be satisfied with the net asset value per share? Briefly comment. (6)

QUESTION 5**SPORTS CLUB****(79 marks; 36 minutes)**

You are provided with the information relating to the ARPP Bird Watching Club for the year ended 31 December 2003. The club sells binoculars at a profit to assist the members with bird watching.

REQUIRED:

- 5.1 Complete the following accounts in the General Ledger of ARPP Bird Watching Club. Balance/Close off these accounts on 31 December 2003.
- 5.1.1 Membership Fees Account (20)
- 5.1.2 Binoculars Account (this account must show the profit/loss on the sale of binoculars) (17)
- 5.2 Prepare the Balance Sheet at 31 December 2003. (42)

NOTE:

- Notes are not required. Amounts must be shown in brackets as part-marks will be allocated for these.
- Do not prepare an Income and Expenditure Statement.

INFORMATION:

ARPP BIRD WATCHING CLUB		
Post-closing Trial Balance on 31 December 2002		
	Debit	Credit
Capital fund/Accumulated fund		106 700
Equipment	51 440	
Loan: BB Bank @ 18% p.a.		150 000
Accumulated depreciation on equipment		15 400
Fixed deposits	112 000	
Creditors		5 200
Bank	102 140	
Savings account	10 000	
Stock: binoculars @ R140 each	1 960	
Accrued income (Membership fees R1 200, Interest on fixed deposit R150)	1 350	
Accrued expenses: Honorarium		1 440
Income received in advance: Membership fees		1 000
Consumable stores on hand: Stationery	850	
	279 740	279 740

**STATEMENT OF RECEIPTS AND PAYMENTS FOR THE YEAR ENDED
31 DECEMBER 2003**

Receipts		Payments	
Balances on 1 January 2003		Equipment (1 September 2003)	12 000
Current account	102 140	Creditors	5 000
Savings account	10 000	Interest on loan: BB Bank	13 500
Entrance fees	9 000	Honorarium: secretary 2002	1 240
Interest income	9 600	2003	1 680
Gate takings	39 776	Loan: BB Bank (1 July 2003)	14 000
Sales of binoculars to members	7 350	Purchases – binoculars (25 new binoculars)	3 500
Membership fees 2002	800	Wages	36 480
2003	112 000	Stationery	1 920
2004	600	Sundry expenses	6 220
		Fixed deposit (31 December 2003)	102 000
		Balances on 31 December 2003	
		Current account	87 226
		Savings account	6 500
	291 266		291 266

ADDITIONAL INFORMATION ON 31 DECEMBER 2003:

On 31 December 2003 the correct net surplus in the Income and Expenditure Statement was calculated to be R99 782 after all reversals and the following adjustments were taken into account:

1. **The constitution of the club determines that:**
 - 1.1 Membership fees amount to R200 per member per year or part thereof.
 - 1.2 Entrance fees amount to R300 per member. This amount is to be treated as current income.
2. **Membership fees**
 - 2.1 On 31 December 2002 there were 550 enrolled members.
 - 2.2 Membership fees still due for 2002 must be written off as irrecoverable and the membership of the members concerned terminated with effect from 1 January 2003.
 - 2.3 On the 1 January 2003, 30 new members joined the club and met all their financial obligations.

- 2.4 The secretary requested that part of the honorarium due to him, in respect of 2002, be retained by the club to cover his membership fees for 2003. The request was granted.
- 2.5 Some of the membership fees for 2003 are still outstanding on 31 December 2003.

3. Binoculars:

- 3.1 Binoculars are sold to the members at cost plus 25%.
- 3.2 An invoice was received on 28 December 2003 from Katz Camera World for 15 new binoculars, R2 100. This has not been recorded.
- 3.3 Two of these binoculars were donated at cost to Mr R. Reagan and his wife, whilst in South Africa on a bird watching outing. This has not been recorded.
- 3.4 At the year-end there were some unsold binoculars on hand.

4. Stationery:

- 4.1 Received an invoice from Pen and Paper CC for stationery, R320. This has not been recorded.
- 4.2 A stock-taking on 31 December 2003 showed stationery on hand to be R1 190.

5. Depreciation on equipment was calculated at R3 834 for the accounting period.

6. One of the fixed deposits, R4 000, matures on 30 April 2004. The rest matures in 2005.

7. Loan: BB Bank

- 7.1 Interest of R11 220 is owed on the loan from BB Bank at the year-end.
- 7.2 Loan repayments are made on 1 July every year. During the next financial year, the loan will be reduced by a further R16 000.

QUESTION 6**PARTNERSHIP****(47 marks; 20 minutes)**

You are provided with information that was extracted from the accounting records of the partnership Goldplan Traders before the adjustments and additional information had been taken into account.

REQUIRED:

Use this information to prepare the following:

- 6.1 Calculate the correct net income after taking the adjustments into account. Show your calculations. (14)
- 6.2 Prepare the following accounts in the General Ledger of Goldplan Traders. Balance/Close off the accounts on 29 February 2004, the end of the accounting period.
- Asset Disposal Account (14)
 - Appropriation Account (19)

INFORMATION:

List of balances extracted from the Ledger of Goldplan Traders on 29 February 2004	Debit	Credit
Capital: G. Goldberg		84 000
Capital: K. Kaplan		84 000
Current account: G. Goldberg (1 March 2003)	10 000	
Current account: K. Kaplan (1 March 2003)		7 360
Drawings: G. Goldberg	21 600	
Drawings: K. Kaplan	22 800	
Land and buildings	180 000	
Bank	2 442	
Equipment (at cost including computers)	33 600	
Accumulated depreciation on equipment (1 March 2003)		9 120
Debtors control	11 700	
Creditors control		12 000
Provision for bad debts		732

Adjustments and additional information:

1. The bookkeeper calculated the net profit to be R84 930 before taking into account the adjustments below.
2. A debtor who owed R180 was declared insolvent and his estate paid 70 cents in the Rand. A cheque was received for this amount but not yet recorded. The balance must be written off as irrecoverable.
3. The provision for bad debts must be maintained at 5% of debtors.
4. On 30 November 2003 G. Goldberg took an unused computer for his personal use at home at a value of R1 680. Computers are classified as Equipment.
 - The original cost price of this computer was R6 000.
 - The accumulated depreciation at the beginning of the financial year was R2 400.
 - Equipment is depreciated at 10% p.a. according to the diminishing balance method.

No entries have been made for depreciation on the old or the new equipment.

5. The partnership agreement stipulates the following:
 - 5.1 The partners are entitled to interest on capital at the rate of 12% p.a. There was no change to capital during the year.
 - 5.2 G. Goldberg is entitled to a monthly salary of R1 200 and K. Kaplan to a monthly salary of R1 800. Goldberg was paid R15 600 for the year, which includes one month's salary in advance. This amount has been debited against their drawings accounts.
 - 5.3 The remaining profit/loss must be shared equally.

QUESTION 7**BUDGET****(35 marks; 16 minutes)**

The cash budget of Megabyte Computer Specialists Limited for the period 1 January 2005 to 31 March 2005 is given. Megabyte Computer Specialists Ltd has an authorised share capital of 150 000 ordinary shares at a par value of R4 each. 100 000 shares have been issued as at 1 January 2005.

REQUIRED:

Study the budget below and answer the questions that follow.

**CASH BUDGET OF MEGABYTE COMPUTER SPECIALISTS LTD
BUDGET PERIOD: 1 JANUARY 2005 TO 31 MARCH 2005**

CASH RECEIPTS	JANUARY	FEBRUARY	MARCH
Cash sales	63 000	66 000	76 500
Cash from debtors	129 000	106 000	117 000
Proceeds of shares issued (R4,00 each)		20 000	
Rent income	6 000	7 200	7 200
TOTAL RECEIPTS	198 000	199 200	200 700
CASH PAYMENTS			
Cash purchases of trading stock	33 000	51 750	61 800
Payment to creditors	70 750	72 100	73 400
Salaries and wages	40 050	40 050	43 254
Sundry expenses (including fuel)	28 800	29 100	33 000
Audit fees		4 500	
Advertising	2 000	0	0
Interest on overdraft			1 000
Repayment of loan		14 000	
Directors' fees	6 000	6 000	6 000
Income tax			27 600
Dividends			31 500
Interest on loan	3 300	3 300	1 650
TOTAL PAYMENTS	183 900	220 800	279 204
CASH SURPLUS (DEFICIT)	14 100	(21 600)	(78 504)
BANK OPENING BALANCE	13 450	27 550	5 950
BANK CLOSING BALANCE	27 550	5 950	(72 554)

QUESTIONS:

- 7.1 State the date on which the rent is to be increased. (2)
- 7.2 Calculate the percentage increase in wages and salaries for March 2005. (4)
- 7.3 Depreciation is estimated to be R2 500 per month. Why does this not appear in the cash budget? (3)
- 7.4 One of the directors feels that the business should buy all their stock on credit. Do you agree with him? Give a reason for your answer. (4)
- 7.5 Why do they budget for interest on overdraft only in March? (3)
- 7.6 Calculate the dividend per share (the new shares were issued at par value). (6)
- 7.7 At the end of January 2005, the directors compared the actual figures with the cash budget.
- 7.7.1 In your opinion, which important points should receive the urgent attention of the directors? Provide THREE points. Explain briefly. (9)

	Budgeted January 2005	Actual January 2005
Cash sales	63 000	50 000
Cash from debtors	129 000	132 000
Sundry accounts (including fuel)	28 800	34 000
Rent income	6 000	6 000
Salaries and wages	40 050	45 000
Advertising	2 000	1 000

- 7.7.2 If you were the managing director, how would you ensure that the different divisions of your business remain within the budget? Provide TWO suggestions. (4)

35

TOTAL: 400



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005

REKENINGKUNDE

HOËR GRAAD

FEBRUARIE/MAART 2005

401-1/0

Punte: 400

3 Ure

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

ACCOUNTING HG
Question Paper & Answer Book



X05



HIERDIE BLADSY MOET BLANKO BLY

INSTRUKSIES

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.
4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.
5. Kandidate sal punte verbeur vir:
 - Weglating van belangrike datums
 - Gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
 - Oormekaarskryf van syfers
 - Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van die finansiële state.
8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDSGIDS
1	Periodieke voorraadstelsel	40	18 minute
2	Bankversoening	43	19 minute
3	Beslote korporasie	86	39 minute
4	Maatskappye	70	32 minute
5	Sportklub	79	36 minute
6	Vennootskap	47	20 minute
7	Kontantbegroting	35	16 minute
TOTAL		400	180 minute

VRAAG 1

PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL

(40 punte; 18 minute)

BB Uitrusters is 'n kleinhandelaar, wat aan B. Ben behoort. Sy maak van die periodieke voorraadstelsel gebruik en alle items word teen 'n winsopslag van 80% op kosprys gemerk.

OPDRAG:

- 1.1 Stel die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van BB Uitrusters op. Balanseer/Sluit die rekeninge af op 29 Februarie 2004. Waar van toepassing moet alle berekeninge tussen hakies getoon word, sodat deelpunte daarvoor toegeken kan word.
- 1.1.1 Aankoperekening (9)
- 1.1.2 Handelsrekening (19)
- 1.2 Bereken die koste van verkope. (3)
- 1.3 Bereken die persentasie winsopslag op kosprys behaal (bereken tot een desimale punt). (4)
- 1.4 B. Ben is bekommerd dat haar verkope nie gunstig vergelyk met dié van haar mededinger, DD Uitrusters, nie. B. Ben het daarin geslaag om die volgende syfers, wat in die finansiële state van DD Uitrusters vir 2004 verskyn het, te bekom:
- | | |
|-------------------|----------|
| Verkope | R420 000 |
| Koste van verkope | 320 000 |
- Het B. Ben, na jou mening, rede tot kommer oor haar onderneming in vergelyking met dié van DD Uitrusters? Verduidelik kortliks. (5)

INLIGTING:

Die inligting wat volg is geneem uit die rekeningkundige rekords van BB Uitrusters op 29 Februarie 2004:

Inligting geneem uit die rekeningkundige rekords op 29 Februarie 2004	
	R
Handelsvoorraad (1 Maart 2003)	66 000
Verkope	348 000
Aankope	199 200
Vraggeld op aankope	13 200
Vraggeld op verkope	9 600
Debiteure-afslag	20 200
Ander bedryfsuitgawes	99 600

GEEN INSKRYWINGS IS VIR DIE VOLGENDE TRANSAKSIES GEMAAK NIE:

1. Goedere aan krediteure aan die einde van die rekeningkundige tydperk teruggestuur, R10 200, is nie in die boeke aangeteken nie. Hierdie goedere is ook nie by die voorraadopname ingesluit nie.
2. B. Ben het voorraad teen kosprys R800, vir eie gebruik op 25 Februarie 2004 geneem, voordat die voorraadopname plaasgevind het. Die verkoopprijs was R1 440.
3. 'n Faktuur vir voorraad op krediet aangekoop op 26 Februarie 2004, van Tshwani Wholesalers, is nie geboekstaaf nie. Die faktuur het die kosprys as R2 520 en die afleweringkoste as R200 getoon.
4. Die fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2004 toon dat handelsvoorraad ter waarde van R73 200 voorhande was.
5. 'n Debituur het goedere, wat hy nie bestel het nie, op 29 Februarie 2004 met 'n verkoopprijs van R4 500 teruggestuur. Hierdie goedere is na die voorraadopname weer in voorraad opgeneem. Geen handelskorting is op die oorspronklike verkooptransaksie toegestaan nie.

VRAAG 2**BANKVERSOENING****(43 punte; 19 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Kimberley Handelaars op 31 Augustus 2004:

OPDRAG:

- 2.1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Augustus 2004 (slegs die bank- en diverserekeningekolomme word benodig). (20)
- 2.2 Stel die Bankrekening, behoorlik gebalanseer, vir Augustus 2004 op. (7)
- 2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2004 op. (16)

INLIGTING:

1. Bankversoeningstaat op 31 Julie 2004

Gunstige saldo soos per bankstaat			R8 910
Deposito nog nie deur die bank gekrediteer nie			4 240
Uitstaande tjeks:			
	Datum	Nommer	
	30 Junie 2004	201	1 900
	31 Julie 2004	214	2 700
	10 September 2004	219	5 550
Gunstige saldo soos per Bankrekening			3 000

2. Die volgende totale verskyn in die Kontantjoernale voordat Augustus se bankstaat ontvang is: KOJ: R54 320; KBJ: R61 290
3. 'n Vergelyking van die bankstaat vir Augustus ontvang van Grey Bank, met beide die Bankversoeningstaat vir Julie 2004 en die Kontantjoernale vir Augustus 2004, het die volgende verskille getoon:

- Inskrywings op die Augustus bankstaat wat nie in die kontantjoenale vir Augustus verskyn nie:
 - Tjek nr. 214 vir R2 700.
 - Deposito van R4 240 op 1 Augustus aangeteken.
 - 'n Deposito van R290 op 25 Augustus 2004 deur 'n debiteur, C. Krige, gemaak as gedeeltelike vereffening van sy rekening.
 - Onbetaalde tjek vir R1 370 gemerk V/T met die kommentaar 'onvoldoende fondse'. Hierdie tjek is van ons huurder, E. Gareth, ontvang.
 - 'n Debietorder van R230 ten gunste van AA Versekeringsmaatskappy om die persoonlike versekering van die eienaar te betaal.
 - 'n Krediet van R100 deur Grey Bank gemaak, vir die maandelikse rente op 'n vaste deposito.

- Die volgende kostes is deur Grey Bank gehef:
 - Staatsheffing op debietinskrywings, R15
 - Rente op oortrokke bank, R140
 - Kontantheringsheffing, R30
 - Diensgelde, R145
- Inskrywings in Augustus se Kontantjoernale wat nie in Augustus se bankstaat voorkom nie:
 - 'n Deposito van R10 760 op 31 Augustus 2004.
 - Die volgende tjeks wat uitgereik is:
 - Nr. 341 (gedateer 14 September 2004) vir R5 120
 - Nr. 349 (gedateer 29 Augustus 2004) vir R890

4. Addisionele inligting

- 'n Ondersoek het getoon dat tjek nr. 306 vir R5 930 uitgereik ten gunste van 'n krediteur, P. Paulse, as gedeeltelike betaling van 'n rekening, foutiewelik geboekstaaf is in die KBJ as R5 390.
- Tjek nr. 201 vir R1 900 is uitgereik aan Operasie Honger as 'n donasie. Die tjek het verlore geraak in die pos. Tjek nr. 201 is as gevolg hiervan gekanselleer, maar geen inskrywing is gemaak nie. Op 31 Augustus 2004 is 'n nuwe tjek, nr. 353, vir R2 500 ten gunste van Operasie Honger uitgereik as 'n donasie. Dit is nog nie geboekstaaf nie. Hierdie tjek is afgelewer by Operasie Honger, maar is nog nie deur hulle gedeponeer nie.
- Die bankstaat ontvang van Grey Bank toon 'n oortrokke bank van R3 350 op 31 Augustus 2004.

VRAAG 3**BESLOTE KORPORASIE****(86 punte; 39 minute)**

Jy is die rekeningkundige beampte van IT4U Konsultante. Hulle dryf handel as 'n beslote korporasie wat rekenaartoerusting verkoop en rekenaardienste lewer waarvoor hulle 'n diensfooi hef. Die twee lede, S. Modi en J. Gani, besit die onderneming.

LET WEL: Die onderneming maak gebruik van die deurlopende voorraadstelsel en voorraad word met 100% op die kosprys gemerk.

OPDRAG:

- 3.1 Gebruik die gegewe inligting om die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2004 op te stel. (59)
- 3.2 Voltooi die volgende notas soos wat dit in die Finansiële State van IT4U op 31 Augustus 2004 sal verskyn:
- 3.2.1 Behoue inkomste (Opgehoopte wins) (6)
- 3.2.2 Handels- en ander krediteure (21)

Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Augustus 2004		
Balansstaatrekening-afdeling	Debiet	Krediet
Ledebydraes		354 605
Behoue inkomste		23 004
Verbandlening: Eerste Bank		61 000
Grond en geboue	397 700	
Afleweringvoertuie	162 500	
Toerusting	52 000	
Opgehoopte waardevermindering op afleweringvoertuie		28 100
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		47 200
Lening aan lid S. Modi	12 000	
Handelsvoorraad	32 780	
Debiteurekontrole	25 740	
Bank	17 970	
Kleinkas	100	
Krediteure vir salarisse		2 120
SA Inkomstediens: L.B.S.		5 000
Werkloosheidsversekeringsfonds		800
Voorsiening vir oninbare skulde		2 700
Krediteurekontrole		5 400
SA Inkomstediens: Inkomstebelasting	77 500	
Nominalerekening-afdeling		
Verkope		171 000
Lopendefooi-inkomste (sluit installasiefuoie in)		339 000
Koste van verkope	85 500	
Huur van voertuig: S. Modi	28 600	
Verpakkingsmateriaal	2 380	
Skryfbehoeftes	3 840	
Lone en salarisse (insluitend WVF-bydraes R1 386)	140 000	
Advertensie	5 840	
Rente op lening: S. Modi		1 200
Rente op verbandlening: Eerste Bank	9 440	
Oninbare skulde	320	
Huurinkomste: J. Gani		9 450
Bankkoste	869	
Verdeling aan lede	20 000	
Huurinkomste: Yebo Bloemiste		24 500
	R1 075 079	R1 075 079

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

1. Daar is geen inskrywing gemaak vir 'n debietnota wat op 28 Augustus 2004 voor die voorraadopname van 'n klant ontvang is vir:
 - 'n Rekenaar wat teruggestuur is, verkoopprijs R5 000
 - Installasiefoefie gehef, R500

'n Kredietnota vir R5 500 is ten gunste van die klant uitgereik. Geen handelskorting is op hierdie transaksie toegestaan nie. Die rekenaar is weer in die voorraad teruggeplaas.
2. Die volgende items was voorhande aan die einde van die rekenpligtige tydperk:
 - Handelsvoorraad, R31 500
 - Verpakkingsmateriaal, R250
3. Ingesluit in die advertensiekoste is 'n bedrag van R2 280 vir 'n advertensieveldtog vir die tydperk 1 Mei tot 31 Oktober 2004.
4. S. Modi verhuur 'n voertuig aan die onderneming. Hy is nog nie vir Augustus 2004 betaal nie. Hy het op 30 Augustus skryfbehoeftes teen kosprys R600 geneem. Geen inskrywing is gemaak nie en hierdie bedrag moet van die bedrag aan hom verskuldig, verhaal word. Die res van die huur aan hom verskuldig vir Augustus sal op 3 September 2004 betaal word.
5. Yebo Bloemiste huur 'n perseel by die onderneming. Die eienaar is oorsee. Hy het September en Oktober 2004 se huur gedurende Augustus 2004 betaal.
6. Een van die werknemers het die onderneming op 31 Julie 2004 verlaat, maar die rekeningkundige beampte is nie in kennis gestel nie. Die volgende inligting, vir Augustus, aangaande die werknemer is in die Salarisjoernaal aangeteken:
 - Bruto salaris R3 000 per maand
 - L.B.S. R850
 - Werkloosheidsversekeringsfondsafrekening van 1% van die bruto salaris - die onderneming dra 'n gelyke bedrag aan die WVF by

Hierdie salaris verskyn in die Salarisjoernaal vir Augustus maar die tjek om die werknemer te betaal, is nie uitgereik nie.
7. Die bankstaat is ontvang nadat die voor-aansuiweringsproefbalans opgestel is. Diensgelde, R46; kontantheringsheffing, R14 en kredietkaartkoste R20, is teen die onderneming se rekening gedebiteer.

8. Die vooruitgedateerde tjekregister toon 'n tjek vir R4 000, gedateer 15 September 2004 wat aan 'n krediteur uitgereik is. Hierdie tjek is in die Kontantbetalingsjoernaal vir Augustus aangeteken.
9. Waardevermindering op voertuie moet teen 20% p.j. op die verminderendesaldo-metode bereken word. Waardevermindering op toerusting moet teen 10% p.j. op die kosprys bereken word.
- Neem in aanmerking dat die afleweringvoertuig op 31 Desember 2003 vir R60 000 aangekoop en geboekstaaf is.
 - Neem ook in aanmerking dat al die toerusting omtrent 10 jaar gelede aangekoop is.
10. Inkomstebelasting vir die rekenpligtige tydperk beloop R79 600.
11. Die lede het besluit om 'n verdere verdeling van winste te maak ten bedrae van R72 000 – 30% vir S. Modi en 70% vir J. Gani.

VRAAG 4

MAATSKAPPYE

(70 punte; 32 minute)

'n Gedeeltelik voltooide Kontantvloeistaat en addisionele inligting van SS Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2004 word voorsien. SS Beperk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 200 000 gewone aandele van R5 elk. Die markwaarde van die aandele is huidiglik 605c. Nuwe aandele is teen 'n premie op 1 Januarie 2004 uitgereik.

OPDRAG:

Bestudeer die inligting voorsien en beantwoord die volgende vrae.

INLIGTING:

1. Die onderstaande syfers het in die Inkomstestaat vir Junie 2004 verskyn:

Waardevermindering	R 37 200
Inkomstebelasting	R 44 266
Netto inkomste na belasting	R115 184

2. Dividende op gewone aandele verklaar:

- Interim	R33 880	(Betaal op 31 Desember 2003)
- Finaal	?	(Betaalbaar op 15 Augustus 2004)

3. Die volgende inligting het in die Balansstaat verskyn:

Uittreksel: BALANSSTAAT	30 Junie 2004	30 Junie 2003
Gewone aandelekapitaal	550 000	484 000
Gewone aandelepremie	46 400	20 000
Behoue inkomste	80 400	87 096
Aandelekapitaal en reserwes	676 800	591 096
Nie-bedryfslaste: Lening Natal Bank (rentekoers 12% p.j.)	144 000	0
Vaste bates teen drawaarde	720 000	660 000
S.A. Inkomstediens: Inkomstebelasting	10 800 Dt	4 800 Kt
Aandeelhouers vir dividende	88 000	40 656
Kontant en kontantekwivalente	600	600
Oortrokke bank (Rentekoers 19% p.j.)	29 600 Kt	246 648 Kt

4. Vir die doeleindes van die Kontantvloeistaat is die kontantgevolge van verandering in bedryfskapitaal bereken op R15 600 (gunstig).
5. Die lening van Natal Bank is op 1 April 2004 aangegaan. Rente op oortrokke bank vir die jaar is R3 540. Alle rentebetaling is op datum.
6. Sekere van die bates is teen drawaarde verkoop, R2 400.
7. Onvoltooide Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2004:

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	?
Kontant uit bedrywighede voortgebring	A
Rente betaal	B
Dividende betaal	C
Inkomstebelasting betaal	D
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	?
Aankoop van vaste bates	E
?	F
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	?
Opbrengs verkry uit aandele uitgereik	G
?	H
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	I
Kontant en kontantekwivalente: begin van die jaar	(246 048)
Kontant en kontantekwivalente: einde van die jaar	J

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

4.1 Voltooi die nota vir 'Rekonsiliasie van netto wins voor belasting en kontant verkry uit bedrywighede' soos wat dit in die notas tot die Kontantvloeistaat van SS Beperk sal verskyn. (12)

4.2 Bereken die ontbrekende syfers in die Kontantvloeistaat genommer (A) tot (J). Berekeninge moet tussen hakies getoon word sodat deelpunte toegeken kan word. (25)

4.3 Neem die volgende finansiële aanwysings vir SS Bpk in ag:

	30 Junie 2004	30 Junie 2003
Bedryfswins as % van verkope	24%	29%
Netto wins as % van verkope	22%	22%
Netto batewaarde per aandeel	615c	611c
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	17,1%	21%
Opbrengs op kapitaal aangewend	17,4%	18,2%
Verdienste per aandeel	105c	130c
Dividende per aandeel	115c	42c

4.3.1 Die direkteure voel tevrede dat die persentasie netto wins op verkope vir die jaar gehandhaaf is. Hulle voel dit is omdat hulle die vlak van bedryfsdoeltreffendheid gehandhaaf het. Stem jy met hulle saam? Lewer kortliks kommentaar. (5)

4.3.2 Sal jy as 'n aandeelhouer tevrede wees met die persentasie opbrengs op aandeelhoudersbelang, dividende en verdienste per aandeel? Lewer kortliks kommentaar. (12)

4.4 Skuld/Eienaarsbelangverhouding:

4.4.1 Bereken die skuld/eienaarsbelangverhouding vir 2004. (4)

4.4.2 Lewer kortliks kommentaar op hierdie verhouding. Sal die besigheid in staat wees om maklik fondse in die toekoms te leen indien nodig? (6)

4.5 Behoort die aandeelhouders tevrede te wees met die netto batewaarde per aandeel? Lewer kortliks kommentaar. (6)

VRAAG 5

SPORTKLUB

(79 punte; 36 minute)

Jy word van inligting voorsien wat betrekking het op ARPP Voëlwaarnemingsklub vir die jaar geëindig 31 Desember 2003. Die klub verkoop verkykers teen 'n wins om die lede te help met voëlwaarneming.

OPDRAG:

5.1 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van ARPP Voëlwaarnemingsklub. Saldeer/Sluit rekeninge af op 31 Desember 2003.

5.1.1 Ledegeldrekening (20)

5.1.2 Verkykerrekening (hierdie rekening moet 'n wins/verlies op die verkope van die verkykers toon) (17)

5.2 Voltooi die Balansstaat op 31 Desember 2003. (42)

LET WEL:

- Notas word nie verlang nie. Bedrae moet tussen hakies getoon word sodat deelpunte daaraan toegeken kan word.
- Dit is nie nodig om 'n Inkomste-en-Uitgawestaat op te stel nie.

INLIGTING:

ARPP VOËLWAARNEMINGSKLUB		
Voor-aansuiweringsproefbalans op 31 Desember 2002		
	Debiet	Krediet
Kapitaalfonds/Opgehoopte fonds		106 700
Toerusting	51 440	
Lening: BB Bank @ 18% p.j.		150 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		15 400
Vaste deposito's	112 000	
Krediteure		5 200
Bank	102 140	
Spaarrekening	10 000	
Voorraad: verkykers @ R140 elk	1 960	
Opgelope inkomste (Ledegeld R1 200, Rente op vaste deposito R150)	1 350	
Opgelope uitgawes: Honorarium		1 440
Vooruitontvange inkomste: Ledegeld		1 000
Verbruiksvorraad voorhande: Skryfbehoeftes	850	
	279 740	279 740

**STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS VIR DIE JAAR GEëINDIG
31 DESEMBER 2003**

Ontvangste		Betalings	
Saldo's op 1 Januarie 2003		Toerusting (1 September 2003)	12 000
Lopende rekening	102 140	Krediteure	5 000
Spaarrekening	10 000	Rente op lening: BB Bank	13 500
Intreegelde	9 000	Honorarium: sekretaresse 2002	1 240
Rente-inkomste	9 600	2003	1 680
Hekinkomste	39 776	Lening: BB Bank (1 Julie 2003)	14 000
Verkope van verkykers aan lede	7 350	Aankope - verkykers (25 nuwe verkykers)	3 500
Ledegeld 2002	800	Lone	36 480
2003	112 000	Skryfbehoeftes	1 920
2004	600	Diverse uitgawes	6 220
		Vaste deposito (31 Desember 2003)	102 000
		Saldo's op 31 Desember 2003	
		Lopende rekening	87 226
		Spaarrekening	6 500
	291 266		291 266

ADDISIONELE INLIGTING OP 31 DESEMBER 2003:

Die korrekte netto surplus in die Staat van Inkomste en Uitgawe is op 31 Desember 2003 bereken as R99 782 nadat alle terugskrywings en die volgende aansuiwerings in aanmerking geneem is:

1. Die konstitusie van die klub bepaal dat:

- 1.1 Ledegeld R200 per lid per jaar of gedeelte daarvan beloop.
- 1.2 Intreegeld R300 per lid beloop. Hierdie bedrag moet as 'n lopende inkomste beskou word.

2. Ledegeld

- 2.1 Op 31 Desember 2002 was daar 550 ingeskrewe lede.
- 2.2 Ledegeld nog verskuldig vir 2002 moet afgeskryf word as onverhaalbaar en die lidmaatskap van die betrokke lede moet met ingang van 1 Januarie 2003 beëindig word.
- 2.3 Daar het 30 nuwe lede op 1 Januarie 2003 by die klub aangesluit en hulle het al hulle finansiële verpligtinge nagekom.

- 2.4 Die sekretaris het versoek dat 'n gedeelte van die honorarium aan hom verskuldig vir 2002, deur die klub gehou word om sy ledegeld vir 2003 te betaal. Daar is aan die versoek voldoen.
- 2.5 Daar was nog van die ledegeld vir 2003 verskuldig op 31 Desember 2003.

3. Verkykers:

- 3.1 Verkykers word teen 'n wins van 25% op kosprys aan lede verkoop.
- 3.2 'n Faktuur is op 28 Desember 2003 van Katz Camera World ontvang vir 15 nuwe verkykers, R2 100. Dit is nie geboekstaaf nie.
- 3.3 Twee van hierdie verkykers is aan mnr. R. Reagan en sy vrou geskenk tydens hulle besoek aan Suid-Afrika op 'n voëlwaarnemingsuitstappie. Dit is nie geboekstaaf nie.
- 3.4 Daar was nog van die verkykers voorhande aan die einde van die jaar.

4. Skryfbehoeftes:

- 4.1 'n Faktuur is ontvang van Pen and Papier BK vir skryfbehoeftes, R320. Dit is nie geboekstaaf nie.
- 4.2 Tydens die voorraadopname op 31 Desember 2003 was daar R1 190 se skryfbehoeftes voorhande.

5. Waardevermindering op toerusting is bereken op R3 834 vir die rekenpligtige tydperk.

6. Een van die vaste deposito's, R4 000, verstryk op 30 April 2004. Die res verstryk in 2005.

7. Lening: BB Bank

- 7.1 Rente ten bedrae van R11 220 is verskuldig op die lening van BB Bank aan die einde van die boekjaar.
- 7.2 Terugbetalings op die lening vind jaarliks op 1 Julie plaas. Die lening sal in die volgende boekjaar met 'n verdere R16 000 verminder word.

VRAAG 6**VENNOOTSKAP****(47 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting wat geneem is uit die rekeningkundige rekords van die vennootskap Goldplan Handelaars voordat die aansuiwerings en addisionele inligting in aanmerking geneem is.

OPDRAG:

Gebruik die inligting om die volgende op te stel:

- 6.1 Bereken die korrekte netto inkomste nadat al die aansuiwerings in aanmerking geneem is. Toon jou berekeninge. (14)
- 6.2 Stel die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Goldplan Handelaars op. Balanseer/Sluit die rekeninge af op 29 Februarie 2004, die einde van die rekeningkundige tydperk.
- Bateverkoperekening (14)
 - Verdelingsrekening (19)

INLIGTING:

Lys saldo's geneem uit die Grootboek van Goldplan Handelaars op 29 Februarie 2004	Debiet	Krediet
Kapitaal: G. Goldberg		84 000
Kapitaal: K. Kaplan		84 000
Lopende rekening: G. Goldberg (1 Maart 2003)	10 000	
Lopende rekening: K. Kaplan (1 Maart 2003)		7 360
Onttrekkings: G. Goldberg	21 600	
Onttrekkings: K. Kaplan	22 800	
Grond en geboue	180 000	
Bank	2 442	
Toerusting (teen kosprys, sluit rekenaars in)	33 600	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2003)		9 120
Debiteurekontrole	11 700	
Krediteurekontrole		12 000
Voorsiening vir oninbare skulde		732

Aansuiwerings en addisionele inligting:

1. Die boekhouer het die netto inkomste op R84 930 bereken voordat die aansuiwerings hieronder in aanmerking geneem is.
2. 'n Debiteur wat R180 geskuld het, is insolvent verklaar en sy boedel het 70 sent in die Rand betaal. 'n Tjek is vir hierdie bedrag ontvang maar nog nie geboekstaaf nie. Die saldo van die rekening moet as oninbaar afgeskryf word.
3. Die voorsiening vir oninbare skulde moet op 5% van die debiteure gehandhaaf word.
4. Op 30 November 2003 het G. Goldberg 'n ongebruikte rekenaar vir sy persoonlike gebruik geneem teen 'n waarde van R1 680. Rekenaars word as Toerusting beskou.
 - Die oorspronklike kosprys van hierdie rekenaar is R6 000.
 - Die opgehoopte waardevermindering aan die begin van die finansiële jaar is R2 400.
 - Toerusting word verminder teen 10% p.j. volgens die verminderendesaldo-metode.

Geen inskrywings is vir die boekstaving van die waardevermindering vir die nuwe of die ou toerusting gemaak nie.

5. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:
 - 5.1 Die vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 12% p.j. Die kapitale het nie gedurende die jaar verander nie.
 - 5.2 G. Goldberg is geregtig op 'n maandelikse salaris van R1 200 en K. Kaplan op 'n maandelikse salaris van R1 800. Goldberg is R15 600 vir die jaar betaal, dit sluit een maand se salaris in wat vooruitbetaal is. Hierdie bedrag is teen hul onttrekkingsrekening gedebiteer.
 - 5.3 Die oorblywende wins/verlies moet gelykop verdeel word.

VRAAG 7**BEGROTING****(35 punte; 16 minute)**

Die kontantbegroting van Megabyte Rekenaarkundiges Beperk vir die tydperk 1 Januarie 2005 tot 31 Maart 2005 word voorsien. Megabyte Rekenaarkundiges Bpk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 150 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R4 elk. 100 000 aandele is tot op 1 Januarie 2005 uitgereik.

OPDRAG:

Bestudeer die onderstaande begroting en beantwoord die vrae wat volg.

**KONTANTBEGROTING VAN MEGABYTE REKENAARKUNDIGES BPK
BEGROTINGSTYDPERK: 1 JANUARIE 2005 TOT 31 MAART 2005**

KONTANTONTVANGSTE	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART
Kontantverkope	63 000	66 000	76 500
Kontant ontvang van debiteure	129 000	106 000	117 000
Opbrenge van aandele uitgereik (R4,00 elk)		20 000	
Huurinkomste	6 000	7 200	7 200
TOTALE ONTVANGSTE	198 000	199 200	200 700
KONTANTBETALINGS			
Kontantaankope van handelsvoorraad	33 000	51 750	61 800
Betaling aan krediteure	70 750	72 100	73 400
Salarisse en lone	40 050	40 050	43 254
Diverse uitgawes (brandstof ingesluit)	28 800	29 100	33 000
Ouditgelde		4 500	
Advertensie	2 000	0	0
Rente op oortrekking			1 000
Terugbetaling van lening		14 000	
Direkteursvergoeding	6 000	6 000	6 000
Inkomstebelasting			27 600
Dividende			31 500
Rente op lening	3 300	3 300	1 650
TOTALE BETALINGS	183 900	220 800	279 204
KONTANTSURPLUS (TEKORT)	14 100	(21 600)	(78 504)
BANK-AANVANGSALDO	13 450	27 550	5 950
BANK-EINDSALDO	27 550	5 950	(72 554)

VRAE:

- 7.1 Dui aan op watter datum die huur verhoog gaan word. (2)
- 7.2 Bereken die persentasie verhoging in lone en salarisse vir Maart 2005. (4)
- 7.3 Waardevermindering word op R2 500 per maand bereken. Hoekom verskyn dit nie in die kontantbegroting nie? (3)
- 7.4 Een van die direkteure voel dat die onderneming alle voorraad op krediet moet aankoop. Stem jy met hom saam? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)
- 7.5 Hoekom word daar slegs vir rente op oortrekking in Maart begroot? (3)
- 7.6 Bereken die dividend per aandeel (die nuwe aandele is teen pari-waarde uitgereik). (6)
- 7.7 Aan die einde van Januarie 2005, het die direkteure die werklike syfers met die kontantbegroting vergelyk.
- 7.7.1 Watter items behoort, na jou mening, die direkteure se dringende aandag te ontvang? Voorsien DRIE items. Verduidelik kortliks. (9)

	Begrote Januarie 2005	Werklike Januarie 2005
Kontantverkope	63 000	50 000
Kontant ontvang van debiteure	129 000	132 000
Diverse rekeninge (sluit brandstof in)	28 800	34 000
Huurinkomste	6 000	6 000
Salarisse en lone	40 050	45 000
Advertensie	2 000	1 000

- 7.7.2 Indien jy die besturende direkteur is, hoe sal jy verseker dat die verskillende afdelings van jou besigheid binne die begroting bly? Gee TWEE voorstelle. (4)

35

TOTAAL: 400